

29 Augustus

Wie is tevrede met sy salaristjek?

Skrifgedeelte: Lukas 3:1-20

Fokusgedeelte: Lukas 3:14

Vir baie eeue reken mense dat hulle te min ontvang vir die werk wat hulle doen. Om tevrede te wees met jou salaris, is nie altyd so maklik nie, want die werkgewer reken dat hy te veel gee en jy reken dat jy te min verdien.

Wanneer Johannes die Doper mense oproep tot bekering, wys hy dat een van die vrugte van bekering juis is om tevrede met jou salaris te wees. Die tollenaars was daarvoor bekend dat hulle te veel tolgeld eis en dan die ekstra in hulle sak steek. Die vrug van bekering by hulle is om nie meer in te vorder as wat vasgestel is nie. Eerlike besigheid is vrug van bekering. Selfs die soldate het hulle salaris aangevul met omkoopgeld en mense gedreig met valse aanklagte en so geld afgepers. Hulle moes hiervan afsien, en op hierdie wyse moes die soldate ook toon dat hulle ernstig met hulle bekering is.

Natuurlik is 'n arbeider geregtig op onderhoud (Matt 10:10) en juis daarom behoort daar goeie verhoudinge te wees tussen werkgewer en werknemer. Die vrug van bekering vir die werkgewer is sekerlik dat die werkgewer die loon betaal waarop die werknemer geregtig is, maar aan die ander kant is die werknemer se vrug van bekering om die loon tevrede te aanvaar. Prakties beteken dit dat die eise van mense om salarisverhogings elke jaar te eis wat hoër is as die inflasiekoers, nie met bogenoemde eis in die Skrif rekening hou nie.

Wees tevrede en weet dat God sorg, vir die voëls, vir die lelies, hoeveel dan te meer vir jou wat na sy beeld geskape is en wie Hy in Christus so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun gestuur het om die grootste skuld wat jy ooit gehad het, jou sonde, ten volle te betaal.

Psalm 127:1 (1936-beryming)

Ds. Peet Coetzee (Potchefstroom)